# Seniorsorg werksaamhede

Met groot dankbaarheid kan ons getuig dat ons geseën word deur skenkings en donasies sodat ons 'n verskil in ons seniors se lewens kan maak.

Ons het poeding verkoop by Helderberg Gemeente vir fondsinsameling en was so verheug met die uitkoms. Die insamelings is die heerlikste spanbou!

Die drie tehuise, Huis Marie Louw, Huis Esperanza en Zandvliet Mediese Fasiliteit, gee vir ons 'n lys van items wat baie benodig word en dan besluit ons op ons vergadering wat ons gaan skenk. Linne is 'n groot uitdaging by al die tehuise. Vier stelle per bed is tans 'n noodsaaklikheid. Op die foto's kan gesien word dat ons linne en handdoeke aangekoop het. Ons het ook skenkings van linne en handdoeke ontvang wat ons kon uitdeel.

Aankope van linne, handdoeke, waslappe en personeel se kleredrag is die afgelope kwartaal gedoen. Ons kon een tehuis help met 'n 30 liter Ankor menger wat 450 etes per dag voorsien aan inwoners. Nog fondse het gehelp met opgradering van die personeelkamer en gange in een tehuis. Paasfees-tee met klavier en trekklavier het soveel genot verskaf aan inwoners.

As enigeen betrokke wil raak en die smaak proe van die lekker om te kan gee, kontak ons gerus en maak 'n verskil. Gewillige hande of finansiële bydraes maak dit vir ons moontlik om die verskil te kan maak.

Groete van ons Seniorsorgspan.

Sonnette van Wyk by 082 563 2166 of [sonnettevanwyk@gmail.com](mailto:sonnettevanwyk@gmail.com)

